19. Kerkargief en -museum

19.1 RAPPORT DEPUTATE KERKARGIEF EN –MUSEUM (Artt.12, 226, 254)

A. Br. P.J. Snyman stel die Rapport.
B. **Besluit:** Finansiële aspekte word verwys na die Kommissie vir Finansies.
C. Ds. E.J. Tiemensma stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag
Acta 1997:520, 4.6-7.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem
2.1 *Musea:*
2.1.1 Die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum
Daar het nog geen klarigheid gekom oor die toekoms van die Museum nie. U Deputate het al skriftelik navraag gedoen, maar geen antwoord gekry nie.
U Deputate het by die owerheid aanbeveel dat prof. B. Spoelstra en br. A.G. Coetsee van Burgersdorp benoem word op die Raad van Trustees van die Museum.
Dit het ook onder die aandag van die Deputate gekom dat daar grafskendery op Burgersdorp plaasgevind het en dat prof. Dirk Postma se graf ook deurgeloop het.
Mev. D.H. Bredenkamp is tans kuratrise van die museum.
2.1.2 Potchefstroom Kerkmuseum
Danksy die ywer en toewyding van die Kurator br. M.P.A. Coetsee is daar ’n groot aantal items toegevoeg tot die versameling van die Museum, o.a. die Bybelvertaling in 60 tale van broeder Nols van der Walt van Welkom.
Weens die tekort aan uitstalruimte het broeder Coetsee dit reggekry om 25 uitstalkaste te bekom op bruikleen. Die Museum word goed besoek en heelwat toergroepe van skole en gemeentes is ontvang en onthaal. Stigting Simon van der Stel het byvoorbeeld in 1997 weer ’n jaarlikse huiskyk gereël wat een nasionale gedenkwaardigheid insluit. Die Kerkmuseum het daarvoor ’n oorkonde ontvang. Die terugvoering was baie gunstig. Met die hulp van prof. J.M. Vorster is daar ’n aantal geskiedkundige boeke bekom, o.a. ’n eksemplaar van die Lutherse vertaling van die Bybel uit Latyn in Duits gedateer 1589.
Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Nasionale Gedenkwaardighede*
2.2.1 Schuttewoonhuis te Buffelsdoorn
Weens die talle veranderinge en aanbouings aan die oorspronklike huis, het die RNG nie kans gesien om dit as ’n Nasionale Gedenkwaardigheid te verklaar nie, maar dit wel geplaas op die register van bewarenswaardige eiendom. Dit beteken dat daar nie sonder die toestemming aan die gebou gebreek en verander kan word nie.
2.2.2 Die kerkhof te Buffelsdoorn
Die mynowerheid sien nie sy weg oop om die geskiedkundige grafte aldaar op te grawe en te herbegrawe nie.
Besluit: Kennis geneem.
2.2.3 Krugerskraal
Die Vriende van Krugerskraal is ’n groep besorgde persone wat in noue samewerking met die Deputate hulle beywer om Krugerskraal te help bewaar vir die nageslag. Dit bestaan uit ’n komitee van 6 persone: die Rektor van die PU vir CHO, die Rektor van die TSP, dr. Jim Cameron, voorsitter van Stigting Simon van der Stel, die oud-voorsitter, Oom Ben van der Walt, dr. C.F.C. Coetzee en Bert Coetsee, die Kurator van die Kerkmuseum.
Krugerskraal het ’n ernstige waterprobleem. Verskeie addisionele boorgate is sonder sukses geboor. Die moontlikheid word nou deur die Univesiteit ondersoek om water aan te lê van ’n naburige plaas.

'n Kleinseun van Totius, Frans en sy vrou Ami (tans Registrateur van die TSP) het aangebied om naweke op Krugerskraal te bly. 'n Werker/opsigter sal voltyds aangestel word wat besoekers kan ontvang. Hulle sal ook behulpsaam wees met die restourasie en die Kurator van die Kerkmuseum sal die studeerkamer van Totius inrig met die nodige uitstalkaste en boeke. Die woonhuis en buitegeboue het dringend aandag nodig. Daarom word die Sinode beleef gevra om R10 000 per jaar vir 3 jaar te raam om hierdie geskiedkundige erfenis vir ons en ons nageslag te bewaar.

Besluit: Alternatiewe weë van befondsing moet gevind word, byvoorbeeld ingooipamflette in die Kerklike Tydskrifte en briewe aan moontlike donateurs.

2.2.4 Die Kerkargief

Die Senaat van die TSP het die gebruik van die Kerkargief deur die studente vir hulle referate en werkstukke verwys na die professor in Kerkgeskiedenis om dit met hulle werk te integreer.

2.2.5 Die Deputate self

Al die Deputate wat benoem is, het opgevolg en die TSV het br. Hannes Noëth aangewys as hulle verteenwoordiger.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Die Kerkargief*

Verslag oor die werksaamhede van die Kerkargief:

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat ons kan rapporteer dat daar so goed gevorder is met die ordening en inskakeling van argiefdokumente, dat die Kerk vandag beskik oor 'n netjiese en goedgeorganiseerde Kerkargief.

Dit is ongelukkig ook waar dat daar van 'n groot aantal gemeentes en meerdere vergaderings nog steeds geen of weinig dokumente na die Argief oorgeplaas is. Dit laat groot leemtes en bemoeilik kerkgeskiedenis- en genealogiese navorsing, omdat slegs onvolledige inligting beskikbaar is.

Weer eens wil ons 'n beroep doen op alle afgevaardigdes by die Sinode om hierdie saak met groot erns onder Kerkrade en meerdere vergaderings se aandag te bring, sodat die skat van inligting wat reeds in die Argief bewaar word, verder aangevul kan word.

Teen die einde van Augustus 1998 is begin om die Argief se bewaarkapasiteit te vergroot deur die bestaande rakke op wiele en spore te plaas. Hierdie rakke beweeg nou op spore en kan teenmekaar gestoot word. Baie meer spasie en bergruimte is dus nou beskikbaar. Hierdie taak is binne twee maande suksesvol afgehandel.

Die afgelope drie jaar is daar ook met groot vrug in die Argief gearbei. Die inskakeling van Partikuliere Sinode-, Klassis- en gemeentedokumente is, sover dit ontvang is, vir die eerste keer op datum en dus ten volle toeganklik vir navorsers. Die gevolg is dat nuwe dokumentasie baie makliker by die bestaande versameling gevoeg kan word. Sommige afdelings in die Argief verg egter nog baie intensiewe aandag.

'n Steeds toenemende aantal navorsers maak jaarliks gebruik van Argief-dokumente en steeds meer telefoniese en skriftelike navrae word deurlopend ontvang en afgehandel.

'n Woord van hartlike dank en waardering aan prof. C.J.H. Lessing, Direkteur Biblioteekdienste van die Ferdinand Postma-Biblioteek by die PU vir CHO wat vir 23 jaar as Ere-Argivaris opgetree het. Sy belangstelling en insette in die werksaamhede van die Kerkargief word hoog op prys gestel. 'n Aangename rustyd word hom en sy gesin toegewens.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Oor die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum:*

3.1.1 Die nuwe Deputate moet saamwerk met die Museum te Burgersdorp sodat dit steeds beantwoord aan die doel waarvoor dit gestig is.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.2 Die nuwe Deputate moet opdrag kry om saam met die Geref. Kerkraad van Burgersdorp die moontlikheid van 'n herbegrawing van prof. Dirk Postma te ondersoek na 'n plek waar dit nie so blootgestel sal wees aan grafskending nie. Indien haalbaar moet dit ook afgehandel word.

Besluit: Vir die afhandeling van die herbegrawing moet 'n berekening van die koste-implikasies, asook 'n aanduiding van die bron van fondse vir die finansiering van voorgaande, deur die nuwe Deputate aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê word.

3.1.3 Die Sinode maak in die begroting van die Deputate voorsiening vir reiskoste sodat prof. Spoelstra twee keer per jaar die Trusteevergadering kan gaan bywoon.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Oor die Potchefstroomse Kerkmuseum*

3.2.1 Die Kerkmuseum het nou 'n werklikheid geword en ons moet dit al die ondersteuning gee wat die verdien. Die huidige opgehoopte fondse is nou egter uitgeput. Daarom vra die Deputate dat daar weer soos in die verlede vir die Museum, net soos vir die Kerkargief, geraam moet word.

Besluit: Die Bestuur van die Administratiewe Buro moet 'n toepaslike raming vir die Kerkmuseum op grond van die nuwe begroting wat voor 30 April 2000 ingedien moet word bepaal.

3.3 *Oor Krugerskraal*

Die nuwe Deputate word versoek om ten nouste saam te werk met "Die Vriende van Krugerskraal" in die instandhouding en bewaring van die nasionale gedenkwaardigheid.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Oor die Argief*

3.4.1 Keur dit goed dat die Argivaris as lid van die Deputategroep gekoöpteer word.

Besluit: Goedgekeur

3.4.2 Gee dringend aandag aan die vraag of die GKSA nie 'n nuwe argiefgebou benodig nie.

Motivering:

a) Daar is veral die kwessie van ruimte. Daar is probeer om meer ruimte te skep deur die rakke in die argief op wiele en spore te plaas, maar dit het nie veel meer ruimte gegenereer nie.
b) Die bestaande gebou voldoen nie aan die vereiste wat deur die wet neergelê word nie. Dis sake soos suurstoftoevoer, temperatuur, veiligheid, ens.
c) Die dokumente moet met trappe op en af gedra word en dit stel hoë eise aan die personeel.
d) Die Sinode moet besluit hoe belangrik die Argief vir die Kerk is, want argiewe is nie meer net bewaar- en opbergplekke nie, maar dit het navorsings- en studieplekke geword en ons bestaande gebou voldoen nie aan die vereistes vir sodanige plek nie.

Besluit:

(1) Van die volgende is kennis geneem:

(a) 'n Voorlegging is aan die Finansiële Kommissie voorsien vir die totale herinrigting van die Argief en die verskuiwing van die kantoor na die grondvloer.
(b) 'n Voorgestelde sketsplan is by die voorlegging ingesluit.
(c) Die koste word beraam op ongeveer R8 586

(2) Die volgende is goedgekeur:

(a) Dat die te benoeme Deputate, in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro, dringende aandag aan die voorstelle gee soos in die voorlegging gemaak.
(b) Dat die koste-implikasie by wyse van begroting voor 30 April 2000 vir goedkeuring by die Bestuur van die Administratiewe Buro ingedien word.

3.4.3 Die Deputate beveel aan dat die halfdagpos van die Argief verander word na 'n voldagpos.

Motivering:

As gevolg van die halfdagpos is die Argivaris nie namiddae of skoolvakansies beskikbaar nie en dan kan daar dus geen navorsing of studie gedurende hierdie tye gedoen word nie. Tot dusver het sr. Estie Duvenage, bibliotekaresse van die TSP se biblioteek, vrywillig gedurende die tye hulp verleen. Sr. Duvenage tree egter die einde van 1999 af en dan sal daar nie bystand gelewer kan word in die tye nie.

Besluit: 'n Begroting moet voor 30 April 2000 aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê word vir goedkeuring.

3.4.4 Die Administratiewe Buro is versoek om werkskontrakte op te stel saam met die personeel wat tans sonder kontrak werk. Die aangeleentheid is dringend aangesien dit wetlike gevolge kan hê. Daar moet ook pligstate opgestel word vir elke personeellid.

Besluit: Goedgekeur.

3.4.5 Gee aandag aan die kwessie van die data deur middel van elektroniese middele. Daar is reeds gemeentes wat van gerekenariseerde metodes gebruik maak en die hantering daarvan in die toekoms is van die allergrootste belang.

Besluit: Goedgekeur.

3.4.6 Die Sinode versoek Kerkrade om hulle argief- en museummateriaal so spoedig moontlik aan te stuur na die Argief of Museum, per adres die Teologiese Skool.

Besluit: Goedgekeur.

3.4.7 Betuig dank teenoor prof. C.J.H. Lessing en sy personeel vir die doeltreffende hantering van die Argief. Br. Paul Buys word ook hartlik bedank vir die voortsetting van die werk na prof. Lessing se aftrede.

Besluit: Goedgekeur.

4. Wys weer Deputate aan om, behalwe die opdragte wat hierbo reeds vermeld is, ook nog die volgende te behartig:

4.1 Sorg vir die veilige bewaring en insameling van argivalia en artikels vir die Museum.

4.2 Die nuwe Deputate moet, waar nodig, die fisiese behoeftes van die Kerkargief en Kerkmuseum en ander historiese kerkgeboue onder die aandag van die Bestuur van die Administratiewe Buro bring.

4.3 Die nuwe Deputate moet die gesprek met die ander Afrikaanse Kerke oor die bewaring van ons gemeenskaplike erfenis voortsit.

4.4 Deur die Deputate vir Korrespondensie met die Hoë Owerheid navraag by die Owerheid gedoen word oor die huidige stand van kerklike stukke in staatsbeheer, bv. huweliksregisters en hulle toekomsplanne daarmee.

4.5 Die Sinode sal voortaan self die bewaring van huweliksdokumente onderneem (Bylae C 4/6/99).

Besluit: Goedgekeur.

5 Begroting:
Per jaar vir 3 jaar

5.2 Kerkmuseum:

Salaris Kurator en assistente	R15 650
Verbruikersmateriaal	R 1 750
Reiskoste na Burgersdorp	R 4 000
Onderhoud en opgradering van Krugerskraal	R10 000
	R31 400

5.3 Kerkargief:

Indeksering		R 3 000
Salarisse:	Halfdagpos	R 55 744
	Voldagpos	R 70 285
Skryfbehoeftes en drukwerk		R 30 000
		R159 029

Besluit: 'n Begroting moet voor 30 April 2000 vir die jaar tot 30 Junie 2001 aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê word vir goedkeuring.

6 Aanbeveling vir moontlike nuwe Deputate
Ds. D. Laufs, br. Herman Prinsloo, br. M.P.A. (Bert) Coetsee, sr. J. Botha (Argivaris), br. N. Sarkady (lidmaat te Pretoria-Meintjeskop en Ass.-argivaris by Herv. Kerk), 'n lid deur die TSV benoem, die professor in Kerkgeskiedenis as adviseur en die hoofbibliotekaris van die PU vir CHO as Ere-argivaris.

Besluit: Goedgekeur. Kyk by Rapport Deputate benoeming.